Die evangelie volgens

# MARKUS




Verhoudings
VIR GOD
MARKUS 10:1-12


Met leë
HANDE
MARKUS 10:13-22

13 Die mense het kindertjies na Jesus toe
gebring dat Hy hulle moet aanraak. Sy
dissipels het met die mense daaroor geraas.
14 Maar toe Jesus dit sien, was Hy
verontwaardig en het Hy vir hulle gesê:
“Laat die kindertjies na My toe kom en moet
hulle nie verhinder nie, want die koninkryk
van God is juis vir mense soos hulle.

MARKUS 10:13-22

[36]Toe het Hy 'n kindjie geneem en hom
tussen hulle laat staan. Hy het sy arm om
hom gesit en vir hulle gesê: [37]"Elkeen wat so
'n kindjie in my Naam ontvang, ontvang My;
en elkeen wat My ontvang, ontvang nie net
vir My nie, maar ook vir Hom wat My
gestuur het."

MARKUS 9:36-37

13Die mense het kindertjies na Jesus toe
gebring dat Hy hulle moet aanraak. Sy
dissipels het met die mense daaroor geraas.
14Maar toe Jesus dit sien, was Hy
verontwaardig en het Hy vir hulle gesê:
"Laat die kindertjies na My toe kom en moet
hulle nie verhinder nie, want die koninkryk
van God is juis vir mense soos hulle.

MARKUS 10:13-22

15 Dit verseker Ek julle: Wie die koninkryk van
God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar
nooit ingaan nie."
16 Hy het sy arms om die kindertjies gesit,
hulle die hande opgelê en hulle geseën.

MARKUS 10:13-22

17Net toe Jesus uit die huis uitkom om verder
te gaan, kom daar iemand aangehardloop.
Hy val toe voor Hom op sy knieë en vra
Hom: "Goeie Leermeester, wat moet ek
doen om die ewige lewe te verkry?"
18Daarop sê Jesus vir hom: "Waarom noem
jy My goed? Niemand is goed nie,
behalwe God alleen.

MARKUS 10:13-22

19 Jy ken die gebooie: 'Jy mag nie moord
pleeg nie, jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy
mag nie steel nie, jy mag nie vals getuienis
aflê nie,' jy mag nie iemand veronreg nie,
eer jou vader en jou moeder. "
20 "Meneer," sê hy vir Hom, "dit <u>alles</u> het ek
van my kinderdae af nagekom."

MARKUS 10:13-22

21 Jesus het na hom gekyk en hom liefgekry
en vir hom gesê: "Net een ding kom jy kort.
Gaan verkoop alles wat jy het, en gee die
geld vir armes, en jy sal 'n skat in die hemel
hê. Kom dan terug en volg My!"
22 Hy het egter geskrik toe hy dit hoor en het
bedruk weggegaan, want hy het baie
besittings gehad.

MARKUS 10:13-22


Met leë
HANDE
MARKUS 10:13-22